

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Wat het jy verloor? Wat het jy gevind?

Skriflesing: Lukas 15:1-10

Broodjies vir die pad

“No one you love is ever truly lost.”

— Ernest Hemingway

“The way to love anything is to realize that it may be lost.”

— G.K. Chesterton

“People take different roads seeking fulfillment and happiness. Just because they're not on your road doesn't mean they've gotten lost.”

— Dalai Lama XIV

“All good things in life are fragile and easily lost”

— Khaled Hosseini, *And the Mountains Echoed*

“People use drugs, legal and illegal, because their lives are intolerably painful or dull. They hate their work and find no rest in their leisure. They are estranged from their families and their neighbors. It should tell us something that in healthy societies drug use is celebrative, convivial, and occasional, whereas among us it is lonely, shameful, and addictive. We need drugs, apparently, because we have lost each other.”

— Wendell Berry, *The Art of the Commonplace: The Agrarian Essays*

“To love or have loved, that is enough. Ask nothing further. There is no other pearl to be found in the dark folds of life.”

— Victor Hugo, *Les Misérables*

“Between what is said and not meant, and what is meant and not said, most of love is lost.”

— Khalil Gibran

“We have been called to heal wounds, to unite what has fallen apart, and to bring home those who have lost their way.”

— St. Francis of Assisi

“The fishermen know that the sea is dangerous and the storm terrible, but they have never found these dangers sufficient reason for remaining ashore.”

— Vincent Van Gogh

“I don't know what your destiny will be, but one thing I know: the only ones among you who will be really happy are those who have sought and found how to serve.”

— Albert Schweitzer

“I have found it very important in my own life to try to let go of my wishes and instead to live in hope. I am finding that when I choose to let go of my sometimes petty and superficial wishes and trust that my life is precious and meaningful in the eyes of God something really new, something beyond my own expectations begins to happen for me. (*Finding My Way Home*)”

— Henri Nouwen

“As I have read the Gospels over the years, the belief has grown in me that Christ did not come to found an organized religion but came instead to found an unorganized one. He seems to have come to carry religion out of the temples into the fields and sheep pastures, onto the roadsides and the banks of the rivers, into the houses of sinners and publicans, into the town and the wilderness, toward the membership of all that is here. Well, you can read and see what you think.”

— Wendell Berry, *Jayber Crow*

“Life isn't about finding yourself. Life is about creating yourself.”

— George Bernard Shaw

“The mystery of human existence lies not in just staying alive, but in finding something to live for.”

— Fyodor Dostoyevsky, *The Brothers Karamazov*

“I believe it will have become evident why, for me, adjectives such as happy, contented, blissful, enjoyable, do not seem quite appropriate to any general description of this process I have called the good life, even though the person in this process would experience each one of these at the appropriate times. But adjectives which seem more generally fitting are adjectives such as enriching, exciting, rewarding, challenging, meaningful. This process of the good life is not, I am convinced, a life for the faint-fainthearted. It involves the stretching and growing of becoming more and more of one's potentialities. It involves the courage to be. It means launching oneself fully into the stream of life. Yet the deeply exciting thing about human beings is that when the individual is inwardly free, he chooses as the good life this process of becoming.”

— Carl R. Rogers, *On Becoming a Person: A Therapist's View of Psychotherapy*

“The most beautiful people we have known are those who have known defeat, known suffering, known struggle, known loss, and have found their way out of the depths. These persons have an appreciation, a sensitivity, and an understanding of life that fills them with compassion, gentleness, and a deep loving concern. Beautiful people do not just happen.”

— Elisabeth Kübler-Ross

“Loneliness does not come from having no people about one, but from being unable to communicate the things that seem important to oneself, or from holding certain views which others find inadmissible.”

— Carl Gustav Jung

Moenie waarde van 'n dagboek onderskat nie

Martie Retief-Meiring

Waarom hou mense dagboek? Dis immers 'n vrywillige daad wat tyd, dink en werk vereis. Niks en niemand dwing jou om jou waarnemings, gedagtes, vrese en drome op papier te sit nie.

Navorsing wil dat verveeldheid 'n aandrywing is om elke dag iets oor jou lewe of jou omgewing te skryf. Verveling? Veer eerder tog 'n drang om met jouself te praat (skryf) of 'n geneigdheid tot verslaggewing van jou waarnemings of die gebeure om jou.

Immers karteer joernale, memoires, persoonlike verslae, verhalende briewe en dagstukkies inligting oor tye, gebeure en selfs modes wat vir historici onontbeerlik is.

Dink maar hoe Leonardo da Vinci se dagboeke en tekeninge kuns én die wetenskap 'n hupstoot gegee het. Anne Frank se dagboek van 1944, toe die familie in 'n solder in Amsterdam weggekrui het van die Nazi's, word beskou as een van die mees gelese dagboeke van alle tye. (Die 13-jarige Anne is die volgende jaar in 'n Nazi-kamp dood.)

Die 17de-eeuse Samuel Pepys het Engeland “oopgeskryf” en selfs skindernuus ingesluit, maar dis veral sy vertellings van die groot brand en die Swart Dood van daardie eeu wat sy dagboeke so lank laat “lewe.”

Oorlogsdagboeke van gewone soldate word deur die eeue gehuldig.

En natuurlik dié van politici, soos pres. Ronald Reagan, wat deeglike aantekeninge gemaak het.

In ons familie is daar in 'n vergeelde skryfboek 'n 1927-aantekening: “Vandag het ons in die Fordkar na Mrs De Waal gery vir tee en koek oor die bruilof. Japie het goed gery. Ons het veilig daar aangekom.”

In 'n lieflik versierde handskrif het 'n ma in 1954 langs haar beesstert-resep geskryf: “Steel 'n sopie van Pa se brandewyn. Maak sous njannies.”

Pas het ek 'n merkwaardige dagboek in die hande gekry. Beryl Botman, weduwee van prof. Russel Botman, voormalige viserektor van die Universiteit Stellenbosch, het 'n jaar se ervaring ná die skielike en ontwrigtende dood van haar man in Junie 2014 opgeteken.

Duidelik bring die skryf van die weeklikse dagboek besinning te midde van verwarring, woede en vrae. En dan die amperse kishou, dat Beryl 'n jaar later haar doktorsgraad in opvoedkunde verkry het, maar dat Russel nie daar kon wees om dit te beleef nie.

Dagboek-terapie wys deeglik in hierdie boek in die hantering van skok, klein irritasies, die toestroming van blomme en geregte en trooswoorde. En dan Beryl se eie onstuimigheid en die klein jakkalsies soos misverstande onder raadgevers, familie, vriende en die owerhede.

Daar is ook ligter oomblikke en ironie, soos die huldiging van Russel Hayman Botman, eerste rektor van kleur, in die DF Malansaal.

Die joernalis Belinda Bell Jackson het die manuskrip in Engels vertaal.

'n Ander se dagboek resoneer dikwels met jou eie, ongeskrewe belewenis.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/martie-retief-meiring-moenie-waarde-van-n-dagboek-onderskat-nie-20220902-2>

Brood vir die pad

Kleintydplekke bied 'n heilige geborgenheid

Wilhelm Jordaan

Elke mens het plekke, oomblikke en belewenisse wat as “heilig” ervaar word. Dit bied 'n soort tuiste, laat jou veilig en geborge voel en dit is nie beperk tot kerke, sinagoges, katedrale, moskees en tempels nie.

Inteendeel, iets gering soos 'n luisterliedjie kan “a sense of the holy” besorg – soos John Denver se weemoedige “Take Me Home, Country Roads” dit doen: “Country roads, take me home / To the place I belong / West Virginia, mountain mamma / Take me home.”

In haar jongste digbundel Sanctum doen Joan Hambidge 'n herinneringsbesoek aan 'n verskeidenheid spirituele tuistes, en in die programgedig “Sanctum” vind sy in die slotversreëls die eintlike heilige plek vir haar: “. . . My moeder, die tuinier-met-groen-vingers / en my vader, die man-van-versekering, leer my / jou huis is tydelik, temporeel, behalwe vir daardie / Huis van die Vader, buite tyd of verdriet.”

In haar roman Vos skep Anna M. Louw 'n heilige plek en oomblik in die barheid van die Noordweste; in 'n belewenis van die “afvallige” boer Vos: “Hy voel God in hom skop soos die ongebore lam in 'n skaapooi se pens.”

Onlangs met 'n Zoom-begrafnisdiens van 'n familielid had ek 'n andersoortige heilige oomblik: Met 'n konsertina in sy bruingebrande hande het 'n bejaarde predikant voor die begrafnisgangers gaan staan en met toe oë, asof hy bid, twee ou kerkliedere gespeel: “Wat 'n vriend het ons in Jesus” en “Nader my God by U”. In herinnering aan familiesamesyn van vroeër tye.

Ek was opeens bedroef, want die gedrae melankolie van die konsertina het my ver teruggeneem na my kindertyd tydens vakansies by my oupa en ouma op hul plaas Lofdal by Hoeko naby Ladismith – daár waar die Swartberg se donker skeure en kloue op maanlignagte lewensgeheime, Bybelverhale en kontreistories saamvoeg. En die plek waar plaaswerkers saans by hul vure in die diep stiltes van die nag met konsertina, mondfluitjie en kitaar aan hul lewensleed en vreugdes gestalte gegee het.

Ek herinner my die huisgodsdienste saans. By 'n suisende Coleman-lamp, omring van motte wat lig soek, het ons gesin die ou liederes gesing. En ook: “Middelpunt van ons verlanse / Trooster van ons bang gemoed . . .”; met my ouma se skril stemmetjie vooraan en die res van ons traag en wan-klinkend agterna.

Dit het moeilik geword om só te bly glo. Die “Middelpunt” lyk sonder punt as wetenskaplikes reken die mens is niks meer nie as sterrestof; evolusionêre maaksels van toeval miljard jare gelede.

En die idee van 'n God is bloot 'n gawe illusie om die werklikheid van 'n koue, onverskillige kosmos te verdryf. “Vriend Jesus” is net 'n rondlopende evangelis; mens vir die medemens; 'n mistikus; kruisvaarder vir die armes; behendige oëverblinder; en flambojante skaretrekker.

Maar uit die konsertina se weemoed kom ook die geskenk van misterie – dat die tradisie van ouds steeds die grammatika van geloof kan wees; dat om vernuwend te glo net “anders glo” is; nie sterker of swakker nie.

Hoe ver 'n mens ook al verwyderd raak van “die tradisie” en geloof inklee met ander inhoude en moontlikhede, sal die “sagte sprong” van verwondering jou steeds verrassend intrek in die geborgenheid van die kindertyd.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-kleintydplekke-bied-n-heilige-geborgenheid-20220907>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877